**Hersieningsoefening (Hoofstuk 14)**
**Kits-in-'n-blits**

Die volgende oefeninge kan gebruik word om leerders se kennis op te skerp deur vir hulle kort spoedtoetse te gee om te beantwoord. Dit is goeie hersieningsoefeninge wat vinnig en maklik is om na te sien.

**Toets 1:** Dui aan watter een van die volgende woorde ŉ **afleiding**, **samestelling** of **samestellende afleiding** is:
1. verhuis
2. groentesop
3. kinderspeletjies
4. huiswerk
5. vergroot
6. blombak
7. katkos
8. tienermodes
9. kuierplek
10. ouerlik
11. boekrak
12. visdamme
13 blaarloos
14. hardkoppig
15. televisiester

**Toets 2:** Dui aan of die volgende sinne **enkelvoudig** of **saamgesteld** is:
1. Die kinders gil en lag en speel dat hoor en sien vergaan.
2. Gaan was die skottelgoed!
3. Die vrouens hou seker van die nuwe mode as hulle dit so graag koop.
4. Gooi asseblief die vrugte wat jy gepluk het in die sak.
5.Hy lees graag speurverhale.
6.Al die mooiste meisies is gekies as finaliste.
7.Hulle vryf die motors wat hulle was sommer self blink.

**Toets 3:** Skryf die **afkortings** vir die volgende woorde neer:
1. as gevolg van
2. Oktober
3. woordeboek
4. Sondag
5. per persoon wat deel
6. ten spyte van
7. Maart
8. wêreldwye web
9. Curriculum Vitae
10.professor
11. byvoeglike naamwoord
12. asseblief
13. Poskantoor
14. Dinsdag
15. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Hersieningsoefening (hoofstuk 14)**
**Memorandum**

**Toets 1**
1. verhuis – *afleiding*
2. groentesop – *samestelling*
3. kinderspeletjies – *samestellende afleiding*
4. huiswerk – *samestelling*
5. vergroot – *afleiding*
6. blombak – *samestelling*
7. katkos – *samestelling*
8. tienermodes – *samestelling*
9. kuierplek – *samestelling*
10. ouerlik – *afleiding*
11. boekrak – *samestelling*
12. visdamme – *samestelling*
13. blaarloos – *afleiding*
14. hardkoppig – *samestellende afleiding*
15. televisiester – *samestelling*

**Toets 2**
1. Die kinders gil en lag en speel dat hoor en sien vergaan. – *Saamgesteld*
2. Gaan was die skottelgoed! – *Enkelvoudig*
3. Die vrouens hou seker van die nuwe mode as hulle dit so graag koop. – *Saamgesteld*
4. Gooi asseblief die vrugte wat jy gepluk het in die sak. – *Saamgesteld*
5. Hy lees graag speurverhale. – *Enkelvoudig*
6. Al die mooiste meisies is gekies as finaliste. – *Enkelvoudig*
7. Hulle vryf die motors wat hulle was sommer self blink. – Saamgesteld

**Toets 3**
1. as gevolg van – *a.g.v.*
2. Oktober – *Okt.*
3.woordeboek – *wdb.*
4. Sondag – *So.*
5. per persoon wat deel – *ppwd*
6. ten spyte van – *t.s.v.*
7. Maart – *Mrt.*
8. wêreldwye web – *www.*
9. Curriculum Vitae – *CV*
10. professor – *prof.*
11. byvoeglike naamwoord – *b.nw.*
12. asseblief – *asb.*
13. Poskantoor – *Pk.*
14. Dinsdag – *Di.*
15. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal – *HAT*